

Al is my stem gebroke, my asem sonder krag ... Geleefde religie en die werking van die kerklied

Elsabé Kloppers

Elsabé Kloppers, Departement Praktiese en Missionale Teologie, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Die krag van kuns, musiek, ontmoetings, religieuse ervarings en spesifiek mense se belewenis van die kerklied in godsdiens wat geleef word (“geleefde religie”), word in hierdie artikel bespreek en verbind met die moontlikheid vir die sangers van ’n lied om daardeur troos en heling te ervaar. Die teoretiese vertrekpunt is die studie van geleefde religie in die vakgebied van die Praktiese Teologie, vanuit ’n estetiese benadering gerig op die kunste. Teologie-beoefening as kuns word ook prakties geïllustreer. ’n Kerklied van die Nederlandse lieddigter Sytze de Vries (gebore 1945), “Zolang wij ademen”, word bespreek, met verwysing na die teks, melodie, die woord-toonverhouding, die ontstaansgeskiedenis van die teks, die keuse vir die melodie, agtergrond oor die lieddigter en aspekte van die resepsie van die lied. Die himnologiese gegewens word in narratiewe vorm verweef met ervarings in ’n outobiografiese verhaal: ’n essay of ’n voordrag wat bedoel was om in persoon tydens die 75ste verjaardagviering van die digter gelewer te word. Die fokus is die belewenis van die lied, die verband met religieuse ervaring, die interpretasie van die ervarings en betekenisgewing deur die outeur in ’n bepaalde konteks van verlies tydens die Covid-pandemie – dus geleefde religie. Inleidend word die vakwetenskaplike uitgangspunte aangebied, gevolg deur die essay waarin die himnologiese bespreking geïntegreer is. Eindnotas en verwysings begrond en ondersteun aspekte van die verhaal teologies en himnologies. Aspekte vanuit die musiekpsigologie kom ook ter sprake. Die gevolgtrekking is dat sang in gemeenskap met ander ’n wesenlike rol in mense se lewens kan speel en dat ’n kerklied, verweef met iemand se lewenservaring of kontekstuele situasie, die krag het om troos, hoop en heling te bied. Dit kan mense transformeer en bevry. In verdere ondersoek kan die verhaal in ’n hermeneutiese proses met ander verhale of gevallestudies in verband gebring en geïnterpreteer word om tot verdere gevolgtrekkings rakende geleefde religie, geleefde teologie en die werking van die kerklied te kom.

Trefwoorde: asem; belewenis; Covid; ervaring; estetiese benadering; geleefde religie; geloofsliedere; gemeenskap; heling; hermeneutiese interpretasie; hoop; kerklied; kuns; liedtekste; melodie; musiek; narratief; ontstaansgeskiedenis; resepsie; resonans; troos; verhale; vertaling; weerklink; woord-toonverhouding

Abstract

And if my voice is broken, my breath has lost its power ... Lived religion and the function of hymns

“Lived religion”, an important field of research within the discipline of Practical Theology, is studied in formal institutional contexts where people practise religion, as well as on all levels of everyday life and culture, as it plays out in the lives of people within the spaces they inhabit and in which they function. In these spaces people are given the opportunity to tell the stories of their religious experiences through narratives and descriptions – and are led to reflect on and interpret these experiences, in order to give meaning to them. It can also be called “lived theology”.

According to Schleiermacher (1768–1834), the task of Practical Theology is the study of the arts and their role in the experience of the religious or the experience of God. It means poetry, music, paintings, the liturgy, hymns, rituals, the art of life, as well as unexpected forms of art that can bring about profound experiences of the transcendental, the spiritual, the mystic, and of God – forms of art that can influence people, transform them and liberate them. Schleiermacher defined Practical Theology as a form of art itself – theology done in a creative, aesthetic way as art, by writing and speaking in ways that move people, inspire them and help them to give meaning to their life.

Religion that is lived is something that is done – it is performed. It is performative. Research on lived religion should also be performative, a *performance*. The author connects to the views and practices of theologians such as Fulbert Steffensky, Wilhelm Gräb, Albrecht Grözinger, Martin Nicol, Peter Bubmann, Heather Walton, Peter Nissen and John de Gruchy – theologians who, from a fine aesthetic perception, study the influence of the arts on religious experience and who perform theology in ways that touch and inspire people.

The focus of this article is the power of the arts, encounters, religious experiences, and especially the experience of hymns as a form of art within the context of *lived religion*. The author previously gave attention to the function of hymns during the Covid pandemic and other times of uncertainty (Kloppers 2020b; 2020c; 2021). This article reflects further on the power of music, texts and hymns in a specific context during the time of Covid, with specific attention to the possibility of experiencing consolation, healing and transformation. From an aesthetic and narrative practice of theology, an essay is presented in which a hymn, “Zolang wij ademhalen” (“As long as we are breathing”), is discussed as a work of art that can exert a deep influence and can heal people. The text is by Sytze de Vries (born 1945), a prolific translator and writer of hymn texts in Dutch. The text has a strong focus on breath and breathing – of using one’s breath to sing and praise God, to sing as part of the community, and to be carried by the singing of the community when one’s breath is gone, one’s voice is silent, and one cannot sing (any more). The relevance for the time of Covid is clear. It was written, however, as long ago as 1984, when the text writer was suffering from burn-out and could not join in the festivities of his church choir. The article shows that the text has prophetic features and that it gained in relevance some forty years on.

The hymnological aspects discussed are the text, the tune, the text and tune relationship, the history of origin of the text, the choice of melody – LLANGLOFFAN, a tune from Wales – as well as the reception history of the hymn. Biographical and work details of the text writer

are also given. The hymnological discussion is woven into a broad narrative with personal experiences presented in an autobiographical story – an essay or lecture that was meant to be delivered/performed live during the 75th birthday festivities for the text writer in the Cathedral Church of Utrecht in the Netherlands, but which could not happen, due to Covid restrictions.

The author reflects hermeneutically on personal experiences and interprets them within her own frame of lived religion, while also connecting them to other narratives – academic and from everyday experiences. From the concept of the “lived body” as the locus of human participation in reality and the essential role of “embodied experience” in the practice of religion, the author shares experiences of being physically and psychologically unwell due to the lack of singing in community during the Covid pandemic. She narrates experiences of “losing” the voice and the ability to sing – and how an encounter with the hymns of Sytze de Vries then helped her to sing again and feel part of the community of believers. These experiences are further related to the loss of the author’s youngest sister due to Covid – someone who loved singing hymns, but was also deprived of singing in community during the Covid lockdown; a person who worked as a physiotherapist to strengthen and stabilise the breath of others during Covid, but who eventually lost the breath that gives life. The concept of *breath* plays a crucial role in the hymn and in the article.

Apart from “breath”, a key concept in the essay is “resonance”, also a central idea in Practical Theology. Reflecting specifically on the hymn, “Zolang wij ademhalen”, the author noted the prominent concept “wedding feast”. In the hymn it is used metaphorically to refer to the feast of the “new heaven and the new earth” (Revelations 21). It resonated with “wedding feast” in the words of her older sister, who referred to a wedding that their younger sister had attended. In the moment of *resonance*, the author heard with new ears, was set free and came to acceptance. She interpreted the experience as a form of “hearing God’s voice” and was comforted, healed and transformed.

Interpreting religious experiences and giving meaning to them, such as hearing God’s voice in a hymn, is *naming God* through a transcendental experience, a life experience. *Naming God* can mean making God present in this world (Nissen 2022). This illustrates what is meant by the concept of *resonance*: a religious metaphor in a work of art / hymn text resonates with an everyday word or event. The author observed the work of art in an aesthetic way; it influenced her, helped her to experience her circumstances differently, and enabled her to give meaning to loss and events that touched her deeply. The theological reflection and interpretation of experiences and practices, connected to giving meaning to them, can be seen as a form of lived religion or lived theology.

Theological principles, premises and research areas are presented, followed by the autobiographical essay or lecture into which the hymnological discussion is integrated. The whole is supported by references that serve as theological and hymnological evidence of aspects of the narrative and discussion. Material from the field of music psychology is also given. The conclusion is that the singing of hymns, and especially, the singing in community with others, has the power to give hope, comfort and healing within a singer’s contextual situation and life experiences. Singing and reflecting on a hymn (as a work of art) also has transformative power. In further research the narratives and interpretations in the article can be connected polyphonically with other studies regarding experiences related to the singing of hymns, be interpreted and evaluated in hermeneutical processes, and be followed by new conclusions regarding the influence of art / hymns in experiencing the religious, or God.

Below is a versification by Martin Leckebusch (1962), a well-known hymn text writer from the United Kingdom, done from a literal translation at a hymnological conference in Cambridge in 2015.

As long as we are breathing,
as by your strength we live,
may we fulfil your calling
and sing the songs you give;
like harmonies of colour
together we are bound;
may echoes of thanksgiving
through all our lives resound.

But if our voices falter,
our breathing lose its power,
each other's song will bear us
through night-time's darkest hour;
yes, if my lips are silenced
by any grief or pain,
this song of your desire
will be my light again.

The darkness must diminish
as psalms ring through the night;
the walls quake when your people
sing praise with all their might!
God, strengthen and equip us
for heaven's unfolding song,
the melody which guides us,
our treasured, whole life long.

When fear is all-embracing,
when life slips nearer death,
that hymn renews the vision
and breathes your Spirit's breath;
the sound is carried forward;
on hope, our hymns take wing;
the coming wedding banquet
shines brighter as we sing.

Martin Leckebusch (1962) ©

Keywords: aesthetic approach; art; breath; comfort; consolation; Covid; experience; healing; hermeneutic interpretation; history of origin; hope; hymns; lived religion; melody; music; narrative; performance; reception; resonance; texts; text-tune relationship; translations

114. Zolang wij ademhalen

1 Zo-lang wij a-dem - ha - len
schept Gij in ons de kracht
om zin-gend te ver - ta - len
waar-toe wij zijn ge-dacht:
el - kaar zijn wij ge - ge - ven
tot kleur en sa-men-klank.
De lof-zang om het le - ven
geeft stem aan on-ze dank.

The image shows a musical score for the hymn 'Zolang wij ademhalen'. It consists of eight staves of music in G major (one sharp) and 4/4 time. The melody is simple and hymn-like, with lyrics written below each staff. The first staff begins with a treble clef and a key signature of one sharp (F#). The lyrics are in Dutch and describe the power of God in sustaining life and the joy of praise.

2. Al is mijn stem gebroken,
mijn adem zonder kracht,
het lied op and're lippen
draagt mij dan door de nacht.
Door ademnood bevangen
of in verdriet verstild:
het lied van uw verlangen
heeft mij aan 't licht getild.

3. Het donker kan verbleken
door psalmen in de nacht.
De muren kunnen vallen:
zing dan uit alle macht!
God, laat het nooit ontbreken
aan hemelhoog gezang,
waarvan de wijs ons tekent
dit lieve leven lang.

4. Ons lied word steeds gedragen
door vleugels van de hoop.
Het stijgt de angst te boven
om leven dat verloopt.
Het zingt van vergezichten,
het ademt van uw Geest.
In ons gezang mag lichten
het komend bruiloftsfeest.

Teks: Sytze de Vries (1945) ©
Melodie uit Wallis 1865 – LLANGLOFFAN
(Notebeeld: Skandalon)

1. Ervaring van die transendente deur kuns – teologie as 'n vorm van kuns

Die diepste waarhede kom nie in die taal van argumente nie. Waarhede kom versluier in die gestalte van sprokies, beelde, kuns en vertellings. Die diepste lewenswaarheid word vertel, gespeel, gesing en uitgebeeld. Dit word nie bewys en nie doseer nie. (Fulbert Steffensky 2023:14–5, my vertaling)

In die vakgebied van die Praktiese Teologie word “geleefde religie” as 'n belangrike terrein van ondersoek gesien. Wilhelm Gräb (1998, 2006) oefen 'n sterk invloed op hierdie terrein uit, veral ten opsigte van 'n estetiese benadering waar die *ervaring* van die “goddelike geheimenis” vanuit verskillende vorme van kuns in die konkrete leefwêreld van mense ondersoek word. Gräb sluit veral by Schleiermacher (1768–1834) aan, wat die uitgangspunt sowel as taak van die Praktiese Teologie as *ars* beskou: dit is die studie van kuns, en self ook 'n vorm van kuns. Die taak en fokus van die Praktiese Teologie is vorme van kuns wat bestudeer word met die oog op die moontlikheid vir die ervaring van die religieuse – poësie, musiek, beeldende kuns, die erediens, die kerklied, rituele en lewenskuns (Bubmann 2022), maar ook minder opvallende vorme van kuns, soos oorlewingskuns (Nissen 2023a). Kuns bied die moontlikheid om mense in aanraking te bring met 'n ander dimensie, met die transendente, met die geheimenis van God. Dit kan mense transformeer of bevry.

Kuns as uitgangspunt of wese van die Praktiese Teologie beteken dat navorsing ook op 'n kunsvolle, estetiese wyse as *kuns* aangebied word – dat teoloë so moet skryf en praat dat dit mense *aangryp en inspireer* en dat hulle daaruit aan hul lewens *betekenis* kan gee.

Martin Nicol (2023), 'n belangrike eksponent van 'n esteties-gerigte praktiese teologie, neem die gesprek met die kunste, die literatuurwetenskap, argitektuur, musiekwetenskap, oftewel die omvattende ensemble van kultuurwetenskappe, as uitgangspunt vir teologiese nadenke op die spoor van die “skoonheid van God”. Deeg (2023:6, my vertaling) gee 'n treffende beskrywing van Nicol se teologiebeoefening. In die breë dien dit ook as uitgangspunt vir beoefenaars van 'n teologie gerig op die estetiese:

Dit kan 'n noot wees, 'n enkele noot in 'n lang musiekstuk wat Martin Nicol se belangstelling wek, en wat hy deursigtig maak vir 'n lewens- of geloofsbeweging. Dit kan 'n woord wees, 'n enkele woord tussen vele in 'n gedig, in 'n Bybeldeel, of in 'n teologiese

teks, waardeur hy 'n nuwe perspektief op hierdie wêreld oopmaak – en 'n God wat met hierdie wêreld te doen het, herkenbaar maak. Dit kan 'n toneel in 'n film wees, 'n hoofstuk in 'n roman, of 'n frase in 'n koraal ... 'n Vervelige teologie is vir hom 'n teenspraak.

Grözinger (2023) meen dat die wetenskappe wat gerig is op estetiese waarneming en deurgronding waarskynlik 'n groter rol kan speel waar die geheimenis van God *ter sprake* kom, as die sosiale wetenskappe en menswetenskappe wat veral in lewenspraktiese ingrype geïnteresseerd is (Grözinger 2023:10). Die verskillende wetenskaplike paradigmas is op mekaar aangewese om die werklikheid gepas waar te neem en te interpreteer. 'n Hermeneutiese of estetiese waarneming en interpretasie van ons werklikheid is miskien *anders* op hierdie werklikheid gerig, maar in die moontlikhede wat dit bied, is dit nie minder presies as byvoorbeeld die empiriese paradigma nie. Aristoteles het reeds gesê dat dit die poësie is wat wys *hoe dinge sou kon wees*. Die poëtiese blik lei ons tot 'n relativering van alles wat bestaan, omdat dit ons wys dat alles ook *anders* sou kon wees (Grözinger 2023:11).

Henning Luther (1987) bring die subjek, die enkele mens as onderwerp van die Praktiese Teologie in spel: die mens met pyn, verlange, religiositeit, 'n lewensgeskiedenis, en die wyse waarop die mens God en die wêreld in die alledaagse waarneem en konstitueer. Dit beteken 'n voordogmatiese wyse van waarneming: die geleefde lewe en die verhouding tot geleefde religie. Geleefde religie, oftewel religie en religieuse praktyke soos dit voorkom in komplekse leefwêreld-konstruksies, kan ondersoek word in 'n formele institusionele opset waar religie beoefen word, maar ook op elke vlak van die lewe en kultuur soos dit uitspeel in die alledaagse gang van gewone mense en die kontekste waarin hulle beweeg. Dit is in stede, sportstadions, hospitale, huise, musieksale, koffiewinkels (Nicol 2023) en dies meer – dus ruimtes waar mense die geleentheid gebied word om hul religieuse ervarings² weer te gee deur narratiewe, verhale en beskrywings, en om krities daaroor na te dink en die ervarings te interpreteer.

Vir ondersoek na geleefde religie of geleefde teologie bestaan 'n pluraliteit van metodes (Ammerman 2013 en 2021, Weyel 2014). Gräb (2022) beklemtoon dat 'n historiese, bybelse en sistematies-konstruktiewe teologie nie die praktyk van geleefde religie volledig kan dek nie en dat universele aansprake op geldigheid nie versoenbaar is met praktyk-georiënteerde kennis nie. Daarvoor is die situasioneel-kontekstuele oriëntasie van die vakgebied van die Praktiese Teologie nodig. Kontekstuele praktiese kennis moet oop wees vir die gesprek wat grense kan oorskry.

Begrippe soos om *aangegryp* te word, om *betekenis te gee* en om die transendente te *ervaar* is sleutelbegrippe in die ondersoek na religie wat geleef word – deur die enkeling en deur groepe. Religie wat geleef word, is iets wat gedoen word, dit is *performatief*. Die ondersoek na die werkingskrag van religie behoort self performatief te wees. Dit moet iets in mense *bewerk*. Dit kan verskillende vorme aanneem. In aansluiting by bogenoemde teoloë soos Steffensky, Gräb, Grözinger, Nicol en Bubmann, asook Heather Walton, Peter Nissen en John de Gruchy, wat almal vanuit 'n fyn estetiese waarneming teologie beoefen, ondersoek ek die werking van tekste, musiek en die kerklied in die konkrete leefwêreld van mense en hul ervaring daarvan. In aansluiting poeg ek ook om van teologiese nadenke 'n kunswerk te maak wat mense aangryp en inspireer (Kloppers 2020b).³

Voorafgaande is die breë uitgangspunte van 'n estetiese benadering en die studie van geleefde religie gegee. Verder word 'n kerklied in Nederlands, “Zolang wij ademen”, vanuit 'n

estetiese benadering en narratiewe teologiebeoefening wat fokus op geleefde religie deur teks en musiek, ondersoek. Himnologiese aspekte soos die teks, musiek, die verhouding tussen die teks en musiek, die ontstaansgeskiedenis van die teks, die keuse vir die melodie en die breër resepsie word bespreek. Inligting oor die digter van die liedteks, Sytze de Vries, word ook gegee.

Die persoonlike ervaring van die lied in 'n bepaalde konteks tydens die Covid-pandemie speel 'n wesenlike rol. As 'n outobiografiese verhaal, 'n essay, 'n voordrag bedoel om tydens die 75ste verjaardagviering van die digter in persoon gelewer te word, val dit in die veld van geleefde religie, waar persoonlike ontmoetings en religieuse ervarings deur die kerklied kreatief beskryf en verder aangevul word met teologiese, himnologiese en estetiese interpretasies en betekenisgewing.

In verskeie artikels het ek reeds aandag gegee aan sang en geleefde religie tydens die Covid-tyd en ander tye van ontwrigting (Kloppers 2020b; 2020c; 2021). Hiermee word verder aangetoon dat die geloofslid die krag het om mense in moeilike tye te troos en hoop te gee.⁴ Die fisiese en psigiese aanvegtings, die gebrokenheid van my stem, en selfs 'n vorm van asemnood wat ek (die outeur) as sanger van die kerklied saam met baie mense in die tyd van Covid ervaar het, word as uitgangspunt geneem.

Die begrip *asem* speel 'n wesenlike rol. Die konsep van die geleefde liggaam ("lived body") as die plek van menslike betrokkenheid en deelname aan die werklikheid, en die rol van "embodied experience" in die praktyk van godsdiens, is hier van belang (kyk Merleau-Ponty in McGuire 2008). In 'n interdisiplinêre gesprek verbind die eie-verhaal religieuse ervarings in 'n narratiewe vorm aan ander vakwetenskaplike en "alledaagse" verhale. Dit kan in 'n hermeneutiese proses met ander gevallestudies⁵ en met verdere verhale van geleefde religie en interpretasies daarvan in verband gebring word om tot nuwe interafhanklike interpretasies en gevolgtrekkings te kom – ook wat betref die gevolge van die Covid-tyd vir kerksang en sang in gemeenskap.

2. Religie geleef deur die lied – 'n outobiografiese verhaal

Dit is universiteitsvakansie iewers in die jaar 1980. Ek bevind my in die erediens in my tuisdorp saam met my familie. My pa is steeds op die kansel, maar ek is nie meer voor die orrel soos tydens my laaste vier skooljare nie. 'n Taamlik eiesinnige orrelis (van Nederlandse afkoms) bevind hom nou op die orrelbank. My jonger sus, Annarie, staan langs my – vier jaar jonger en nog op skool. Ons hou van die kerklied. Ons hou van sing. Ons luister na mekaar, stem in op mekaar, en sing uit volle bors: "O kon ek jubel, Hemelvader, met duisend stemme tot u eer ..." En ons *skep asem* – net om te besef die orrelis het volledig 'n pouse gemaak na "Hemelvader". Ons stemme het deur die kerk getrek en 'n weerklank gemaak. Hy begin nou eers met die tweede deel: "... met duisend stemme ..." Annarie giggel skuldig, ek trek groot-oog. Ons wag geduldig tot die volgende ruspose en val gedweë saam met die orrel in: "... hoe sou ek juigend tot u nader en u my danklied bring, o Heer!"⁶ (Die orrelis wag tot drie-uur die Sondagmiddag, bel die dominee wakker uit sy verdiende middagslapie, en *gebruik sy asem* om met die dominee te raas oor sy dogters hom in die erediens so ondermyn ...)

Saam met ons ouer broer en suster staan ons 'n jaar later by die graf van ons jonger broer – tydens die universiteitsvakansie per ongeluk gedood deur iemand wat 'n tarentaal “vir die pot” wou skiet. Op 20-jarige ouderdom is sy asem hom ontnem. In *gebroke stemme* sing ons “Ek sien 'n nuwe hemel kom” ...⁷

Twee susters. Die ouer een word teoloog en himnoloog – en neem die liefde vir kerksang ook op akademiese terrein verder. Die jongste suster word fisioterapeut – en leef Sondaes steeds haar liefde vir kerksang uit. In 2020 tref Covid-19 die wêreld.⁸ Die kerksang verstom. Beide se stemme word stil. Die een skryf tuis vakartikels oor die kerklied in die tyd van Covid (naas die gewone werk in die akademie, wat aanlyn voortgaan). Die ander suster werk verwoed om mense se asemhaling te stabiliseer, om hulle ná Covid te rehabiliteer – en met WhatsApp-video's aan pasiënte, vriende en familie motiveer sy almal met asemhalingsoefeninge om hul longe te versterk as voorsorgmaatreël. Oefen, oefen! *Haal asem, haal asem!*

Op die internet word eredienste oor die wêreld aangebied – helaas ook vele waar die voorgangers meer in die fokus staan as die verkondiging. Soms neem ek 'n Duitse of Nederlandse gesangboek in die hand en wend 'n poging aan om saam te sing, maar sang saam met die elektroniese klank van die rekenaar wil nie werk nie.

Covid hou aan en aan. My stem word al stiller. Die spanning word groter. 'n Infeksie ontwikkel op my ooglid. Die heling wat sang in die geheelmens bring, ontbreek. Die luister na musiek help, maar oksitosien, 'n hormoon wat (onder meer) met die liggaamlike aktiwiteit van sing vrygestel word, ontbreek.⁹ Korporatiewe en kommunale deelname ontbreek. Die instem op ander, die lyflike naby-wees, die oogkontak ontbreek (ook die onverwagse laggie – skuldig of onskuldig ...) Die hoor van ander se asemhaling en die onbewuste vertroosting wat dit bring, ontbreek. Wat ook ontbreek, is die hoor van die gebroke stem van die ander – die onvermoë om te sing, die gebrekkige asemhaling, wat dui op nood, op asemnood, op hulp en bystand wat nodig is.

Op 'n dag ontdek ek hoe gebroke my stem is, hoe moeilik ek op 'n lied instem. Nog altyd was my stem daar – nou is dit net weg. My skrik is groot.

Die gemeenskap van gelowiges bestaan onopsigtelik – die klank van die ander se stem en ons asem bind ons oor duisende kilometer en oor die grense van kontinente en lande.¹⁰ Vanuit 'n verre land op 'n ander kontinent – en in die tyd van Covid geheel onbereikbaar – kom onverwags 'n uitnodiging om 'n hoofvoordrag te hou met die feesgeleentheid vir Sytze de Vries se 75ste verjaardag. 'n Eer om gevra te word vir 'n feesgeleentheid vir iemand wat reeds so 'n groot bydrae op die terrein van die Nederlandse kerklied gelewer het.

Sytze de Vries (gebore 1945) is in die milieu van die Protestantse¹¹ kerklied in Nederlands een van die mees aktiewe lieddigters. Naas oorspronklike liedtekste, liedbundels,¹² gedigte, liturgiese tekste en gebede, Bybels-teologiese en meditatiewe beskouings, publiseer hy 'n groot aantal vertalings van *hymns* uit Engeland, Skotland en Wallis. 'n Aantal van sy liedere is ook

in Duits vertaal en in Duitse gesangboeke opgeneem.¹³ In die nuutste amptelike *Liedboek* (2013) van die Protestantse kerke in Nederland kom die grootste aantal liedere uit sy pen.



Figuur 1. Die ingebruikneming van die nuwe *Liedboek* in Monnikendam, Nederland 2013 – met Sytze de Vries regs voor (Foto: Peter Lowie)

Ons ken mekaar sedert my reis vir doktorsale studie op die terrein van die liturgie en die kerklied in Europa in 1995. Van hom leer ek in daardie tyd baie van dit wat in Nederland op die terrein van die kerklied aan die gebeur is, maar ook meer: Ek leer hoe ontspanne 'n mens met diversiteit kan omgaan. Lank reeds as homoseksueel ge-“out”, was hy sonder 'n oogknip predikant in die Oude Kerk in Amsterdam en kon hy sy besondere gawes tot opbou van ander gebruik. Deur die kerklied dra hy daartoe by om mense se denke te verander en openheid te bewerk, byvoorbeeld deur 'n lied soos “Liefde, eenmaal uitgesproken” (lied 791 in die Nederlandse *Liedboek* 2013, bespreek deur Nissen 2022).¹⁴

Verstand en liggaam vorm 'n eenheid. Die transformasie van mense se denke bring ook transformasie van die liggaam, en heling – aanvaarding van die liggaam en aanvaarding van ander. Wanneer mense, vasgevang in 'n bepaalde denkpatoon, se denke getransformeer word, ervaar hulle dat die grense oopbreek en hulle bevry word – dat hulle bevry en *geheel* word. Dit is waaroor De Vries se liedere ten diepste gaan: aanvaarding, bevryding, liefde, lig, heling. In sy liedere neem hy die leser of sanger eers mee in die worsteling, sy eie worsteling, sy eie poging om die Onsêbare te beskryf, gestalte te gee, liggaam / lyf te gee – en op so 'n wyse, dat ander ook hulself daarin kan vind.

Sedert die eerste ontmoeting het ons herhaaldelik weer by kerkliedkonferensies ontmoet. Hy het ons ook in Suid-Afrika besoek. So het hy oor die jare ook nuwe tekste en vertalings aan my gestuur en nooit geskrik vir kritiek nie (so verfrissend in 'n wêreld waar mense so kleinserig kan wees oor hul “skeppings”).

Met die oog op die feesgeleentheid ontvang ek 'n elektroniese kopie van die nuutste bundel, *Op Vleugels* (De Vries 2020). Eers lees ek suiwer ter wille van die tekste, maar dit is nie moontlik nie – die melodiere gee immers die tekste vleuels. Die melodiere dra en bevry die

tekste. 'n Melodie wat perfek pas, kan ook 'n swakker teks “heel” of heelmaak. Eers hoor ek die melodieë “in my kop”. Nog later breek my stem deur – en ek sing!

Na drie dae se onophoudelike besig wees met die liedere, ervaar ek hoe ek weer fisiek deel voel van die geloofsgemeenskap en saam sing, saam asemhaal. Ek vind weer my eie stem – ek word weer heel. Deur die tekste en musiek voel ek 'n nuwe werking in my liggaam, ervaar ek God se stem.¹⁵

Die feesgeleentheid word uitgestel na September 2021 – ons hoop sterk en voel taamlik seker dat Covid dan iets van die verlede sal wees. In Suid-Afrika word gesloer met die inentingsproses, maar in Maart en April 2021 is daar tog 'n daling in getalle en optimisme heers. Sus Annarie se seun trou in April – 'n geleentheid wat toe reeds herhaaldelik uitgestel is. Hulle hou bruilofsfees en later is hulle ook by dié van hul beste vriende se dogter. Kort daarna word Annarie en haar man met Covid gediagnoseer. Hy oorleef Covid – sy nie. Sy sterf in Junie na drie weke op die ventilator – 58 jaar oud. Ons oudste suster is gebroke – en kwaad. “Dit is daardie tweede bruilof. Hulle moes dit nooit bygewoon het nie”, sê sy. Ek antwoord dat mens nie kan weet waar sy dit kon aangesteek het nie. My antwoord beteken niks.

Dit is einde Junie 2021. Op 12 September moet ek by die feesgeleentheid praat – en ek moet nog tekste uitkies wat by my tema aansluit. Die taak is onmoontlik – my lys is te lank. Oor één teks is ek egter seker: “Zolang wij ademhalen”.¹⁶

Strofe 1

Zolang wij ademhalen
schept Gij in ons de kracht
om zingend te vertalen
waartoe wij zijn gedacht:
elkaar zijn wij gegeven
tot kleur en samenklank.
De lofzang om het leven
geeft stem aan onze dank.

Wat kan meer relevant wees in die tyd van Covid, die siekte wat mense die vreeslikste asemnood laat ervaar – en daaraan laat sterf? “So lank as wat ...” Daarmee word reeds aan die begin gesê: om asem te haal is nié vanselfsprekend nie. Daar is 'n grens in tyd wanneer dit nie meer sal wees nie – en dit kan enige tyd wees. Maar so lank ons asemhaal, skep God deur ons asem in ons die krag om te sing en om deur die sang op iets te wys wat God beplan het: dit “waartoe wij zijn gedacht”.

Wat het God vir ons beplan? Dit volg dadelik: vir gemeenskap met mekaar – ons is vir mekaar gegee. Ook met die oog op iets meer: om saam te klink (tot “samenklank”) en tot kleur. Klankkleur, soos in harmonie, toonaard, toonhoogte, maar ook kleur deur nuanse, diversiteit, deur verskillende instrumente, verskillende registers op 'n orrel, deur verskillende volkere, verskillende gerigthede en verskillende tale. Verskillende tale, ja – en daarom is dit so mooi

dat ons ook singend kan *vertaal*, iets op 'n ander manier kan sê om so onself oor grense verstaanbaar te maak vir mekaar, maar ook om God en geloof so verstaanbaar te maak vir ander. En vir onself.

Daarop volg die samevatting van die hele strofe: “De lofzang om het leven geeft stem aan onze dank.” Die lofsang om die lewe, vir die lewe, en met die oog daarop om te lewe? Lof en dank dat ons leef, maar ook *performatief*: om iets te laat gebeur. Sing, om te lewe – om deur sang die asem diep in te trek, die liggaam aan die gang te hou en daardeur in die lewe te bly.

Strofe 2

Al is mijn stem gebroken,
mijn adem zonder kracht,
het lied op and're lippen
draagt mij dan door de nacht.
Door ademnood bevangen
of in verdriet verstild:
het lied van uw verlangen
heeft mij aan 't licht getild.

My stem gebroke, my asem sonder krag ...

Hoeveel mense het dit nie in die Covid-tyd ervaar nie. Hoe vreeslik het sus Annarie dit nie beleef nie – bevange en beangs deur asemnood. Tog, tog – die onsigbare krag wat van die geloofsgemeenskap uitgaan, die asem van die ander, dra mense in hierdie lewe, maar ook hulle wat van die lewe afskeid neem. Waar ons tot swye kom in die uur van ons diepste verdriet en in ons uur van dood, dra die lied uit ander se monde ons deur die donker. Die lied wat spreek van verlange na God, verdryf die donker en bring my na die lig – hou my teen die lig, dat dit deur my skyn ...

Die melodie moet hier eers ter sprake kom. LLANGLOFFAN is 'n Walliese melodie, bekend uit die gesangboek *Hymnau a Thonau*, 1865. Dit dra die teks mooi en is dus 'n uitstekende keuse vir hierdie teks.¹⁷ Verskeie note word herhaal, wat 'n breë karakter aan die melodie gee. Die eerste melodielyn begin met 'n sprong en beweeg dan stapsgewys opwaarts. Die opwaartse beweging dui konkreet op die inaseming: “Zolang wij adem ha-...”, met *ha-* op 'n langer lettergreep, onmiddellik gevolg deur 'n kort deurgangsmelisme in 'n dalende melodielyn. Die dalende melodielyn dui op die proses van uitaseming. Die tweede melodielyn begin op dieselfde noot waarop die eerste eindig en spring vandaar vier note opwaarts na “Gij”, om “Gij” (God) te beklemtoon – die fokus in dié frase, met sterk fokus ook op “krag” aan die einde van die frase.

Die tweede frase (derde melodielyn) begin met 'n herhaling van die aanvangsfrase, met dieselfde herhalings van note, waardeur “singend” parallel gestel word aan “asem”. Die derde melodielyn daal egter nie aan die einde soos die eerste melodielyn nie – dit beweeg opwaarts op “vertalen”. Die hoogste note in die melodie kom hier die eerste keer ter sprake. Dit dui op die verhewe funksie van vertaling: om die hoë God self gestalte te gee en vir mekaar en vir onself verstaanbaar te maak – as God wat alle verstand *te bowe* gaan.

Die derde frase begin met 'n herhaling van die hoogste noot op “elkaar”, om ook die belang van *gemeenskap* aan te toon: ons staan langs mekaar. In die sewende melodielyn beweeg die melodie weer opwaarts, met die hoogste noot hier op “lewen”. *Lewe*, die belangrikste saak in die geheel van die strofe, kry hiermee dus die mees prominente plek in die verloop van die melodie.

Die melodie, in die mineurtoonaard, is ook uiters gepas vir die tweede strofe. Die herhaling van note in die aanvangsfrase dui hier egter op stottering, op moeite om aan te beweeg, op die gebrokenheid van die stem – die melodie daal dan ook aan die einde van die eerste melodielyn met die melisme op “[ge]bro-o-ken”. In die tweede melodielyn is daar 'n sprong van “mijn” na “a-dem”, met stapsgewyse beweging afwaarts op “zonder kracht”. Waar hierdie frase in strofe 1 aan die sanger van die lied 'n gevoel van stewigheid en vastheid gee (ons het nog asem), is daar in strofe 2 juis die gevoel van totale wankeling (sonder asem). Die derde melodielyn beweeg opwaarts en bring “and're lippen” in fokus. Die oorheersende afwaartse beweging in die vyfde melodielyn dra die teks “door ademnood bevangen” uiters treffend.

In die sewende melodielyn val die fokus op “verlangen”. Verlange na God en na ander mense is 'n sleutelbegrip in die teologie van De Vries se tekste (Nissen 2022). Hierdie strofe dui op die worsteling met verdriet en die onvermoë om te sing – die verskrikking van ademnood en dus selfs die verskriklike worsteling met die dood.

Strofe 3

Het donker kan verbleken
door psalmen in de nacht.
De muren kunnen vallen:
zing dan uit alle macht!
God, laat het nooit ontbreken
aan hemelhoog gezang,
waarvan de wijs ons tekent
dit lieve leven lang.

In strofe 3 is die toonaard van die teks ligter. Treffend word gestel dat selfs die donker kan verbleek deur in die nag te sing. Sang kan mure laat val,¹⁸ daarom die imperatief, die oproep aan die medesangers en hoorders van die lied: “Sing uit alle mag!” Deur psalms in die nag te sing, soos Paulus en Silas in die tronk (Handelinge 20), kan deure oopgaan en 'n uitweg uit die donker gevind word. Dit dui op bevryding deur die sing van die geloofslid.

In die middel van die derde strofe word God weer aangespreek en gesmeek dat ons tog nooit sonder “hemelhoë gesang” moet wees nie – dus sang wat aan die hemel reik, wat die hemel teenwoordig maak. “Die Covid-tyd word hier geantisipeer”, dink ek met skrik. Hoe vreeslik dat daar ooit 'n tyd kon aanbreek waarin mense vir maande en maande nie toegelaat is om in gemeenskap saam te sing nie, mekaar nie met hul stemme kon aanraak nie. Die wese van ons geloof is aangetas: 'n mens moet immers sing om jouself die geloof *te binne te sing*. Deur sang gee ons gestalte aan ons geloof. Dit is juis die wysie “wat ons teken”, sê die teks treffend. Dit is die lied wat ons identiteit gee en wat ons vorm tot wie ons is, naamlik mense wat glo in 'n groter werklikheid as dit wat ons om ons sien. En dit gebeur regdeur ons lewe.

Die vraag is: hoeveel kinders, hoeveel jongmense wat nog gevorm word, sal nooit hierdie leemte in vorming oorbrug nie? Hoeveel ouer mense wat kerksang en gemeenskap vir maande ontbeer het, sal nooit die tyd hê om terug te wen wat hulle verloor het nie? My sus is dood, na maande sonder gesang wat na die hemel reik. Iemand wat so lief was vir die kerklied ...

Strofe 4

Ons lied wordt steeds gedragen
door vleugels van de hoop.
Het stijgt de angst te boven
om leven dat verloopt.
Het zingt van vergezichten,
het ademt van uw Geest.
In ons gezang mag lichten
het komend bruilofsfeest.

Die slotstrofe fokus op hoop – ons lied word gedra op die vleuels van hoop. Hier pas die mineurtoonard ook, want dit verwoord steeds die ang om die lewe wat “verloop”. Met die lied oorwin ons egter die ang. Aan die einde van ’n melodielyn wat konstant opwaarts beweeg (derde melodielyn), val “te boven” pragtig op die hoogste note van die melodie, met ’n dalende melodielyn wat daarop volg – gepas op “leven dat verloopt”.

Vanaf die middeldeel kom die eskatologiese blik in fokus. Ons sing van “vergesigte”. God se Gees wat in ons adem maak dit moontlik. In ons gesang skyn reeds “die komende bruilofsfees”.

Bruilofsfees ...? Meteens hoor ek die weerklank, die resonans¹⁹ met my ouer suster se woorde: “Sy moes nooit die tweede bruilofsfees bygewoon het nie ...” Te midde van my hartseer, bring hierdie lied my daartoe om te sê: O, sy moes, sy moes. Met haar werk en haar diensbare menswees wat haar na almal laat uitreik het, kon sy Covid op vele ander plekke gekry het. Maar sy het na maande se ontbering, *twee* geleenthede gehad om in gemeenskap met geliefdes die geloofslid saam te sing. Sy was by twee groot feeste – albei ’n vooruitskouing op die komende bruilofsfees, die fees van die nuwe hemel en die nuwe aarde. Ja, sy het gesing! Miskien “O, kon ek jubel, Hemelvader, met duisend stemme tot u eer ...”?

By haar gedenkdien (wat ons net op die skerm tuis kon volg), het die dominee vertel dat die kinders gepraat het van die tannie wat glimlag as sy sing. Natuurlik was nie al die liedere vrolike liedere nie. Maar met die lied het sy haar die geloof *te binne* gesing – en dit het op haar gesig gewys. Die lied het haar gedra, ook liggaamlik. Sy het gesing van *vergesigte*. God se Gees het haar die asem gegee – het haar hoop gegee. En in haar stryd met die dood sou die weerklank, die herinnering daaraan, haar nog gedra het. Sy sou weet: die grootste bruilofsfees is op pad. “Dan jubel ek, verlos, o Heer, met duisend stemme tot u eer.”²⁰

Weens die kwarantynmaatreëls van Covid, kon ek nie na Nederland reis om die voordrag te hou nie. Ook só het Covid my stem stil gemaak. ’n Gedrukte teks is nie dieselfde as dié wat met die nuanse van die stem en die taal van die lyf gedra word nie. Hoe het ek nie daarna uitgesien om hierdie voordrag in die Domkerk in Utrecht te hou en met die pragtige orrel *in gemeenskap* met gelowiges saam te sing nie.²¹



Figuur 2. Die feesgeleentheid in die Domkerk Utrecht op 12 September 2021
(skermgreep uit die video)

Intussen het ek ook verneem wat die ontstaansgeskiedenis van hierdie teks was. Geteister deur aanvalle van hiperventilasie weens uitbrandingsindroom, kon Sytze nie die feesgeleentheid van sy kantory in 1984 bywoon nie. Tuis skryf hy 'n nuwe lied, met “sing” as tema. Die situasie waarin hy verkeer dien tot inspirasie vir die teks. “In baie liedere van Sytze de Vries word letterlik en figuurlik asem gehaal. Nie alleen omdat sing een van die eerste lewensbehoeftes is nie – veel eerder en veel meer omdat God ons asem gee. God se *ruach pneuma* gees besiel steeds mense” (Versloot 2015:18–24, my vertaling).

Die eie ervaring word die basis vir die teks, soos by vele van De Vries se tekste.²² 'n Negatiewe ervaring van asemnood word juis die bron van inspirasie. Deur die negatiewe ervaring van siekte heen, werk God se *ruach, pneuma, gees* en *be-siel* die digter – gee hom asem. Vanuit die persoonlike situasie skryf hy 'n teks wat algemene betekenis kry, wat in ander tale *vertaal word* en wat oor jare gesing word. Bykans veertig jaar later, in die tyd van Covid, dien dit as 'n profetiese teks wat dui op 'n tyd van asemnood op vele vlakke, maar dit werk ook tot troos en bewerk heling.

3. Musiek breek grense oop – dit verbind ons met 'n groter werklikheid

In 'n studie oor die helende of troostende werking van liedere en musiek kan mens vele teorieë bespreek oor hoe die sing van 'n lied kan werk, watter hormone afgeskei word, watter chemiese en ander liggaamlike reaksies te weeg gebring word en onder meer watter emosies bewerk word om kollektief troos of genesing te bring.²³ In empiriese studies rondom die kerklied word mense se oogbeweging en fisieke, lyflike reaksies onder meer waargeneem.²⁴

Breingolwe en reaksies van die brein kan ondersoek word.²⁵ Plüss en Haspelmath-Finatti (2022:540) wys op die teorie van Mühling (2014) oor die eenheid van die brein en die liggaam, die persoonlike ervaring wanneer iemand sing en hoe dit ervarings van geloof en transendensie te weeg kan bring. Die belang van resonansie, weerklank, is opvallend:

Terwyl ons sing werk ons brein in ons liggaam – woorde word uitgespreek, melodieë voortgebring, terwyl die klank reeds ons ore bereik, en ons liggame die klank deur vibrasies ontvang. Ons produseer en ontvang emosies terwyl ons sing. ... Ons asem in en uit terwyl ons sing. Deur te sing kan ons fisiek ervaar dat ons geloof ontvang. Ons word aangegryp en selfs verander (Mühling 2014, in Plüss en Haspelmath-Finatti 2022:540).

As “beheerser en regeerder van die menslike hart” (Luther) kan musiek mense só aanspreek dat dit troostend werk en kalmte bring, soos wanneer Dawid vir die terneergedrukte Saul op die “harp” speel (1 Sam 16,23). Dit hang waarskynlik daarmee saam dat musiek volgens Jourdain (2001) in ons brein ’n wêreld skep wat meer is as die alledaagse wêreld, wat die ervaring van musiek ’n transendente ervaring maak. Dit bring vir daardie oomblik orde in ’n wêreld, wat in werklikheid nie bestaan nie.

Nicol (2023:66) wys daarop dat God se werklikheid in die wêreld nie tot die “voorhande” werklikheid (“vorfindlicher Realität”) begrens mag word nie. God se werklikheid is iets radikaal anders. Nicol meen dat die “doksologiese werklikheid” wat met ritueel en erediens, sowel as lof en musiek in verband staan, die sleutel bied tot God se werklikheid en God se teenwoordigheid in hierdie wêreld. Die geloofslid (maar ook musiek in die algemeen – Nicol 2015:284) kan die goddelike geheimenis “ontsluit” en mense daaraan herinner dat God in die wêreld werksaam is en dat daar iewers tog orde bestaan. Soos die lid onder bespreking sê: Dit sluit vergesigte oop. Dit open ons vir die toe-koms – vir dit wat ons tegemoet kom.

Die ruimte wat deur die klanke van sang en musiek geopen word, lig ons uit onself uit, laat ons uit-styg. Nissen (2023b) beskryf dit treffend:

Dit is ’n opening “naar het overstijgen van de grenzen van het hier en nu, de beperkingen van tijd en ruimte. Zij breekt onze eigen grenzen open. Dat doet zij door een vleug van eeuwigheid onze tijd en onze ruimte binnen te brengen.”

Uit wetenskaplike ondersoek op verskillende terreine kan veel geleer word oor emosies en musiek. In die studie van geleefde religie gee mense se *ervaring van die transendente* verbind met nadenke oor die ervaring, en die betekenis wat hulle self daaraan heg, die deurslag.²⁶

Nissen (2022) verwys na ervarings wat ons oorrumpel en ons te bowe gaan.²⁷ Dit gaan om die persoonlike ervaring van iets heel anders, iets bo ons, iets *om* ons, iets groters. Om te kan sê: ek het troos *ervaar*; is getransformeer, is ’n nuwe mens; het heling *ervaar*; het God ontmoet; het die *toekoms* gesien.²⁸ Te midde van siekte, lyding en dood het ek iets van die *nuwe hemel* reeds beleef.

4. In duisend stemme: die sang in gemeenskap dra die enkeling, gee asem, gee lewe

Deur 'n vorm van kuns, deur die omgang met Sytze de Vries se liedere (tekste en bypassende musiek) kon ek die krag van die kerklied konkreet “aan die lyf” ervaar. Ek kon deel voel van die singende geloofsgemeenskap – ek kon weer sing. Daardeur kon ek ook troos na my sus se dood vind.

Die lied “Zolang wij ademen” (maar ook ander liedere) het my gehelp om *iets anders* te hoor, met die asem van die Gees te sing, en iets van die ewigheid in ons wêreld te ervaar. Iets daarvan wou ek in my voordrag, sowel as in hierdie artikel, oordra – ook vir diegene wat deur Covid op vele vlakke in hul lewens steeds deur asemnood geteister word. Mag dit mense inspireer om opnuut – *en in gemeenskap met mekaar* – op die lofsang om die lewe in te stem.

Al is my stem gebroke,
my asem sonder krag,
die lied uit ander monde
dra my dan deur die nag.

Bibliografie

- Ammerman, N.T. 2021. *Studying lived religion: contexts and practices*. New York: New York University Press.
- Ammerman, N.T. (red.). 2013. *Sacred stories, spiritual tribes: finding religion in everyday life*. New York: Oxford University Press.
- Berry, J. en A. Pratt (reds.). 2017. *Hymns of hope and healing*. Londen: Stainer & Bell.
- Böttler, W. 2022. Paul Gerhardt und der dreißigjährige Krieg. Das geistliche Lied als Seelsorge. *Musik und Kirche*, 92(2022, Heft 2):114–7.
- Bubmann, P. 2022. *Musik. Spiritualität. Lebenskunst. Studien zu Ästhetik und Musik aus theologischer Perspektive*. Leipzig: Evangelische Verlagsanstalt.
- Cook, N. en N. Dibben. 2010. Emotion in culture and history: perspectives from musicology. In Juslin (red.) 2010.
- Davies, S. 2010. Emotions expressed and aroused by music: philosophical perspectives. In Juslin (red.) 2010.
- Deeg, A. 2023. Vorwort. In Nicol en Deeg (reds.) 2023.
- De Gruchy, J. 2001. *Christianity, art and transformation: theological aesthetics in the struggle for justice*. Cambridge: Cambridge University Press.
- De Vries, S. 2002. *Tegen het donker. 100 liederen om samen te zingen*. Zoetermeer: Meinema.

- . 2009. *Jij, mijn adem. Verzamelde liederen*. Zoetermeer: Boekencentrum.
- . 2012. *het liefste lied van overzee*. Deel 1. Vught: Skandalon.
- . 2015. *het liefste lied van overzee*. Deel 2. Vught: Skandalon.
- . 2020. *Op vleugels. Nieuwe Lieder*. Vught: Skandalon.
- De Vries, S. en E. Versloot. 2015. *Het lied op andere lippen. Een leven in liederen*. Zoetermeer: Boekencentrum.
- Franz, A. 2022. Die Tradition für die Gegenwart entschliessen. Zwei Lieder von Sytze de Vries aus liturgiewissenschaftlicher Perspektive. In Stichting De Vertaalslag 2022.
- Gräb, W. 1998. *Lebensgeschichten, Lebensentwürfe, Sinndeutungen: eine praktische Theologie gelebter Religion*. Gütersloh: Kaiser, Gütersloher Verlagshaus.
- . 2006. *Religion als Deutung des Lebens: Perspektiven einer Praktischen Theologie gelebter Religion*. Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus.
- . 2022. On the launch and conceptualization of the *International Journal of Practical Theology*. In Schweitzer e.a. 2022.
- Gräb, W. en B. Weyel. 2007. *Handbuch Praktische Theologie*. Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus.
- Grözinger, A. 2023. Praktische Theologie als Kunst-Lehre. Geleitwort. In Nicol en Deeg (reds.) 2023.
- Hanser, S.B. 2010. Music, health, and well-being. In Juslin (red.) 2010.
- Harvey, A. 2020. Links between the neurobiology of oxytocin and human musicality. doi: 10.3389/fnhum.2020.00350.
- Heymel, M. 2004. *In der Nacht ist sein Lied bei mir. Seelsorge und Musik*. Waltrop: Spenner.
- Jourdain, R. 2001. *Das wohltemperierte Gehirn. Wie Musik im Kopf entsteht und wirkt*. München, Jena: Spektrum.
- Jüngel, E. 2008. *Erfahrungen mit der Erfahrung: Unterwegs bemerkt*. Stuttgart: Radius.
- Juslin, P.N. 2010. How does music evoke emotions? Exploring the underlying mechanisms. In Juslin (red.) 2010.
- Juslin, P.N. (red.). 2010. *Handbook of music and emotion: theory, research, applications*. Oxford: Oxford University Press.
- Kaiser, J. 2012. *Religiöses Erleben durch gottesdienstliche Musik. Eine empirisch-rekonstruktive Studie*. Vandenhoeck en Ruprecht: Göttingen.

- Keeler, J. 2015. The neurochemistry of group singing: bonding and oxytocin. MMus-verhandeling, Western Michigan University. https://scholarworks.wmich.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1670&context=masters_theses.
- Kloppers, E. 2017. Klinkende ruimte. Reformasie deur die Kerklied. *HTS Teologiese Studies*, 73(1):a4561. <https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.4561>.
- . 2020a. Singing and sounding the sacred – the function of religious songs and hymns in the public sphere. *Journal for the Study of Religion*, 33(1).
- . 2020b. Sounding the sacred in the age of fake news – Practical Theology reflecting on the public sphere. *HTS Teologiese Studies*, 76(2):a6131. <https://doi.org/10.4102/hts.v76i2.6131>.
- . 2020c. Fragments of the sacred: sacramentally sustained in times of uncertainty. *Acta Theologica*, 40(2):96–115.
- . 2021. 'n Lied vir donker tye (*Wie op die Heer vertrou in lyding*). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(2):412–28.
- Kombuis, K. 2020. Die hele wêreld word stil. LitNet. <https://www.litnet.co.za/die-hele-wereld-word-stil> (4 Oktober 2023 geraadpleeg).
- Liedboek, zingen en bidden in kerk en huis*. 2013. Zoetermeer: BV Liedboek.
- Luther, H. 1987. Schmerz und Sehnsucht. Praktische Theologie in der Mehrdeutigkeit des Alltags. In Luther 1992.
- . 1992. *Religion und Alltag. Bausteine zu einer Praktischen Theologie des Subjekts*. Stuttgart: Radius.
- McGuire, M. 2008. Lived religion: faith and practice in everyday life. Oxford: Oxford University Press.
- Mühling, M. 2014. *Resonances: neurobiology, evolution and theology*. Göttingen/ Bristol, CT: Vandenhoeck en Ruprecht.
- Müller, S. 2023. Religious experience and its transformational power. Qualitative and hermeneutic approaches to a practical theological foundational concept. DeGruyter. Oop toegang. <https://doi.org/10.1515/9783110990461>.
- Nicol, M. 2015. *Gottesklang und Fingersatz. Beethovens Klaviersonaten als religiöses Erlebnis*. Bonn: Beethoven-Haus.
- . 2023 [2002]. Ereignis und Kritik. Praktische Theologie als hohe Schule der Gotteskunst. In Nicol en Deeg (reds.) 2023.
- . 2023 [2000]. Ich stehe fertig und bereit. Klangrede als Seelsorge. In Nicol en Deeg (reds.) 2023.

- Nicol, M. en A. Deeg (reds.). 2023. *Zwischen Kaffeehaus und Kanzel. Praktische Theologie im Wechselspiel mit den Künsten*. Leipzig: Evangelische Verlagsanstalt.
- Nissen, P. 2022. “De naam van ons verlangen”: Over godsbeelden in enkele liederen van Sytze de Vries. In Stichting De Vertaalslag 2022.
- . 2023a. Van de schoonheid en de troost (1113). <https://www.facebook.com/peter.nissen.180> (28 Julie 2023 geraadpleeg).
- . 2023b. Klanken, ruimte, opening. Essay Kroonpen met Capella Brabant. Voordrag by ’n uitvoering van Capella Brabant.
- Peretz, I. 2010. Towards a neurobiology of musical emotions. In Juslin (red.) 2010.
- Plüss, D. en D. Haspelmath-Finatti. 2022. Singing / Embodiment / Resonance. In Weyel e.a. (reds.) 2022.
- Ritter, W.H. 2007. Erfahrung. Religiöse Erfahrung / Erleben / Gefühl / Deutung. In Gräb en Weyel (reds.) 2007.
- Rosa, H. 2016. *Resonanz. Eine Soziologie der Weltbeziehung*. Berlin: Suhrkamp.
- Sacks, O. 2008. *Musicophilia: tales of music and the brain* (hersiene uitgawe). New York: Random House.
- Schweitzer, F., E.M. Moore, W. Gräb en S. Lefebvre. 2022. Remarks and reflections on the 25th anniversary of the IJPT. *The International Journal of Practical Theology*, 26(1). <https://doi.org/10.1515/ijpt-2022-0029>.
- Sloboda, J.A. 2010. Music in everyday life: the role of emotions. In Juslin (red.) 2010.
- Steffensky, F. 2023. Von Hütern und Wächterinnen. *andere zeiten. Magazin zum Kirchenjahr*, 3/2023, 14-5, https://issuu.com/anderezeiten/docs/az_mag_3-23_es.
- Stichting De Vertaalslag. 2022. *Taal die zingt: teksten en liederen jubileumsymposium Sytze de Vries 75*. Schalkwijk: Stichting De Vertaalslag.
- Vroegindewij, L. 2020. *Troost bij Luther en Bach. Theologie. Kerklied. Cantate*. Leusden: Vreducom.
- Walton, H. 2019. A theopoetics of practice: re-forming in practical theology. *International Journal of Practical Theology*, 23(1):3–23. doi: 10.1515/ijpt-2018-0033.
- Weyel, B. 2014. Practical Theology as a hermeneutical science of lived religion. *International Journal of Practical Theology*, 18(1):150–9.
- Weyel, B., W. Gräb, E. Lartey en C. Wepener (reds.). 2022. *International handbook of practical theology*. Berlyn/Boston: De Gruyter.

Eindnotas

¹ Vir 'n opname uit die Martinikerk in Groningen met Sietze de Vries voor die orrel, besoek <https://www.youtube.com/watch?v=pkh61KfHoco>. Vir 'n opname uit die Dorpskerk Eelde met Vincent van Laar voor die orrel (strofes 1, 2 en 3), besoek: https://www.youtube.com/watch?v=LX7j7_25yFg.

² Ritter 2007, Jüngel 2008 en Nissen 2022.

³ 'n Vorm van kreatiewe teologiebeoefening by uitstek is die voorsittersrede van Heather Walton tydens die Kongres van die Internasionale Akademie vir Praktiese Teologie (IAPT) in Oslo, Noorweë in 2017 (Walton 2019). Daarin ondersoek sy die moontlike vorms wat 'n poëtiese teologie of “theopoetics” in praktiese teologie kan aanneem. Sy beklemtoon dat haar stuk die kreatiewe werk wat dit bepleit, *beliggaam* (“embody”). Met 'n klinkende “performance” van teologie deur haar eie literêre werk, het sy haar gehoor weggevoer – geen sprake van 'n droë akademiese betoog wat so algemeen tydens byeenkomste van vakwetenskaplike verenigings is nie.

⁴ Kyk Vroegindeweij (2020) se proefskrif oor troos by Luther en Bach; Nicol (2000), Heymel (2004) en Böttler (2022) oor musiek as pastorale sorg, *Seelsorge*, of direk vertaal: musiek wat vir die siel sorg. Die liedbundel van Berry en Pratt (2017) is hier ook relevant.

⁵ Plüss en Haspelmath-Finatti (2022) bespreek drie gevallestudies van religieuse sang in gemeenskap, elk met 'n eie geskiedenis, konteks, agtergrond en oorsprong. Hulle toon dat die metode van vergelyking belangrik is: “If we compare cases, theories and theological interpretations, we can discover the complexity of a phenomenon, its differences and structures” (Plüss en Haspelmath-Finatti 2022:545).

⁶ Gesang 59 in die Afrikaanse Gesangboek van 1978 – 'n vertaling van die Duitse lied “O dass ich tausend Zungen hätte” van Johann Mentzer (1704), met 'n melodie van Balthasar König (1691–1758).

⁷ Gesang 177 in die Gesangboek van 1978, met 'n teks gebaseer op Openbaring 21:1–5. Dit word gesing op die melodie CRIMOND van Jessie Irvine (1836–1887) (Skotland).

⁸ Aan die begin van die inperking skryf Koos Kombuis (2020) aangrypend oor die tonele wat hy uit Europa op sy selfoon sien: “Verlate stadspleine, leegheid, niks verkeer of motors nie, net ... Net die stilte.” Hy beskryf die stilte as dié van 'n wêreld *wat ophou asemhaal het*. Ook “asof die Wegrapping plaasgevind het”. Die gebruik van die woord *Wegrapping* dui op reste van geleefde religie wat in 'n uiters onseker tyd opduik en taal en interpretasiemateriaal bied. 'n Ou religieuse begrip wat nie in die Bybel voorkom nie en wat dikwels spottend gebruik word, verwoord in hierdie konteks 'n skrikwekkende werklikheid.

⁹ Kyk Hanser 2010, Keeler 2015 en Harvey 2020.

¹⁰ Kloppers 2017 oor die ekumeniese werking van die kerklied.

¹¹ De Vries staan naas Huub Oosterhuis (1933–2023), die bekende Nederlandse lieddigter van Katolieke oorsprong.

¹² Kyk bundels vanaf 2002–2020, met liederes ook in verskeie ander bundels.

¹³ Franz (2022:60) skryf dat die liederes van Sytze de Vries “auch im deutschen Sprachraum” ’n groot verrysing is en dat eietydse liederes wat op poëtiese wyse die bybelse en liturgiese tradisie vir die huidige tyd verklank, in Duitsland ongelukkig skaars is.

¹⁴ Sytze de Vries studeer teologie aan die Ryksuniversiteit van Groningen en was daarna predikant in drie ekumenies ingestelde kerkgemeenskappe. Nissen (2022:10) verwys na teologiese veranderings in dié tyd: “In de jaren waarin Sytze de Vries als theoloog en als predikant werd gevormd ... beleefde het spreken over God in theologenland een ommekeer. Het spreken in speculatieve, dogmatische termen maakte plaats voor ervaringstaal. Wat eeuwenlang het domein van de mystiek was geweest, die ervaringstaal dus, veroverde nu breed terrein in de christelijke kerken.”

¹⁵ Dat die ek-persoon God se stem ervaar, is ’n persoonlike interpretasie – dit is die manier waarop die ek-persoon ’n transendente ervaring benoem. In aansluiting by Meister Eckhart beskryf Nissen dit so: “Die godheid word God as mense God sê. ’n Abstrakte idee, naamlik godheid, kry ’n naam en word daardeur iemand. En mense doen dit as hulle lewenservarings interpreteer. ... Deur ‘God’ te sê, maak hulle God aanwesig in die mensewêreld” (Nissen 2022:11–2).

¹⁶ Die lied is opgeneem in ’n groot aantal liedbundels. https://kerkliederwiki.nl/Zolang_wij_ademhalen; https://www.liedboekcompendium.nl/lied/657-zolang-wij-ademhalen-6_1_9. Uit ’n informele opname plaas *Nederlands Dagblad* dié lied (Nr. 657) onder die tien gewildste gesange in die Liedboek. Dit word dikwels by begrafnis- en afskeidsdienste gebruik: <https://www.nd.nl/geloof/protestant/1174918/dit-zijn-de-populairste-nummers-uit-het-liedboek-en-deze-moet>.

¹⁷ Die toonsoort is g-mineur en die metriese skema is 7-6-7-6-7-6-7-6. Volgens De Vries is hy gekritiseer vir die keuse van hierdie melodie, maar hy beklemtoon dat die melodie, reeds gekoppel aan ’n vertaling in Nederlands (“Soms groet een licht van vreugde”, nommer 910 in *Liedboek voor de Kerken* 1973), die teks geïnspireer het en nie ’n latere keuse vir die teks was nie (De Vries 2022:102–3).

¹⁸ Die verhaal van Jerigo se mure wat val deur die sang en musiek (en geraas) van die Israeliete is ’n bekende verhaal in die Ou Testament (Josua 7). Sang word egter ook verbind met die val van die Berlynse muur (Kloppers 2020a) en die val van politieke stelsels soos die kommunistiese bewind in Estland.

¹⁹ “Resonans” het ’n sleutelwoord geword in die beoefening van geleefde religie. Martin Nicol het die begrip reeds vir die Praktiese Teologie gemunt, maar tans staan die werk van die sosioloog en kerkmusikus Hartmut Rosa (2016) veral in fokus. Hier gebeur dit dat die alledaagse gebeure van ’n bruilofsfees *resoneer* met ’n religieuse metafoor in ’n kunswerk / liedteks: die “komende bruilofsfees”, die fees met die aanbreek van God se Ryk, die fees van die nuwe hemel en die nuwe aarde (Openbaring 21) – ook die resonans met die liedteks wat lank terug tydens die begrafnis van haar broer gesing is. Die ek-persoon neem esteties fyner waar en ervaar deur die kunswerk haar omstandighede anders. Deur die liedteks / kunswerk gee sy religieuse betekenis aan verlies en gebeure wat haar diep geraak het. Sy ondersoek hierdie ervarings krities en beoefen so ’n vorm van geleefde teologie.

²⁰ 'n Treffende *inclusio* word gevorm deur die aanvangsreël en slotreël van die teks. Aanvanklik die versugting in die subjunktief: kon ek maar met *duisend stemme* jubel, hoe *sou* ek juigend my danklied bring – om aan die einde van die vierde strofe met sekerheid te bevestig dat, wanneer ek my plek by die engeleskaar ingeneem het, ek dan met alles in my sal juig: “Dan jubel ek, verlos, o Heer, *met duisend stemme* tot U eer!”

²¹ <https://www.youtube.com/watch?v=MVD62Rvmz6U&t=562s> vir 'n skakel na die geleentheid.

²² Versloot (2015) wys op die belang van verhale. Dit beklemtoon die belang van die narratiewe benadering: “Liedtekste zijn niet alleen bedoeld voor speciale situaties, ze zijn vaak ook in bijzondere omstandigheden ontstaan. Die verhalen willen wij graag laten horen, zodat een lied soms meer kan spreken, en je het ‘anders’ zingt” (Versloot 2015:2).

²³ Juslin (2010); Sloboda (2010); Cook en Dibben (2010); en Davies (2010), naas Keeler 2015 en Harvey 2020.

²⁴ Kaiser (2012) maak onder meer van die metode gebruik.

²⁵ Jourdain (2001), Sacks (2008:324–86) en Peretz (2010).

²⁶ Sabrina Müller (2023) se habilitasieskrif het onlangs verskyn. Dit handel oor die transformerende krag van religieuse ervaring en bied kwalitatiewe en hermeneutiese benaderings vir die grondbegrip “ervaring” binne die Praktiese Teologie.

²⁷ Peter Nissen (gebore 1957), professor emeritus en 'n voormalige dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Radboud Universiteit Nijmegen, is 'n teoloog wat by uitstek 'n estetiese, klinkende teologie beoefen. Bykans daaglik plaas hy 'n oorspronklike stuk skryfwerk, waarin hy 'n aktuele saak op die gebied van teologie, kultuur, liturgie, spiritualiteit en geleefde religie bespreek. Met reeds meer as 'n duisend aflewings is die bydraes van betekenis vir 'n wye leserskring. Daardeur inspireer hy mense (en om dié rede sou ek hom as *Theoloog des Vaderlands* nomineer, as ek in Nederland 'n stem sou hê). Die reeks staan onder die opskrif: VAN DE SCHOONHEID EN DE TROOST – met verskeie bydraes wat intertekstueel met hierdie artikel verband hou.

²⁸ De Gruchy (2001) beklemtoon dat kuns transformasie te weeg kan bring deur die vernietigende en vervreemdende aspekte van die werklikheid teen te werk. Daardeur dui dit reeds toekomstige moontlikhede aan: “The beautiful serves transformation ... for art does not simply mirror reality but challenges its destructive and alienating tendencies, making up what is lacking and anticipating future possibilities” (De Gruchy 2001:199–200).